- (3) Die nog steeds onaanvaarbaar hoë koers van inflasie, ten spyte van 'n verlangsamings in die koers van toename in die verbruikers- en groothandelspryse gedurende die afgelope 6 tot 7 maande.
- (4) Die afname in die fabrieksproduksie en die afwesigheid van bykomende vaste investering deur die private sektor.

As sowel die positiewe as negatiewe faktore in aanmerking geneem word, word verwag dat Suid-Afrika se reële bruto *binnelandse* produk in 1975 met tussen 3 en 4 persent sal toeneem en die reële bruto *nasionale* produk met ietwat minder. Hierdie ramings vergelyk nog gunstig met dié van die meeste ontwikkelde lande.

Gedurende die eerste kwartaal van 1975 was die jaarlikse koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld ongeveer 15 persent vergeleke met 'n toename van 44 persent gedurende die vierde kwartaal van 1974. Gedurende sowel die vierde kwartaal van 1974 as die eerste kwartaal van 1975 was die belangrikste enkele bydraende faktor tot die toename die skerp styging in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor (toegename besit aan staatseffekte van die banksektor sowel as afnames in regeringsdeposito's). Die skerp stygings in die owerheidsverbruiks- en kapitaalbesteding, wat gedeeltelik gefinansier is deur fondse van die banksektor verkry, was derhalwe verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld. Bankkrediet aan die private sektor het gedurende sowel die derde as die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 teen 'n laer koers toegeneem, terwyl die netto goud- en ander buitelandse reserwes ietwat afgeneem het. Die betalingsbalans het nog 'n tekort op die lopende rekening getoon wat in 'n groot mate deur 'n netto invloeiing van kapitaal geneutraliseer is.

Die kapitaalmarktoestand het ook teen die einde van 1974 en gedurende die eerste kwartaal van 1975

ietwat verruim. Die aanbod van fondse in die verbandmark het gedurende die eerste kwartaal effens gestyg as gevolg van 'n groter vloeï van fondse na die tussengangers in die verbandmark, maar die toestand in die vaste eiendomsmark het traag gebly. Daar was egter tekens dat die kapitaalmarktoestand gedurende die eerste deel van die tweede kwartaal ietwat vernou het.

Nasionale rekeninge

Klein toename in reële ekonomiese groeikoers


Voorlopige kwartaallikse ramings van die reële bruto binnelandse produk toon dat die reële groeikoers van die volkshuishouding gedurende die eerste kwartaal van 1975 matig toegeneem het, nadat dit gedurende die laaste kwartaal van 1974 skerp gedaal het. Uitgesonderd die waarde deur die landbousektor toegevoeg, wat gedurende 1974 opvallende kwartaallikse skommelings getoon het, het die reële groeikoers van die nie-landbousektore gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n klein toename aangeteken, teenoor 'n klein daling gedurende die vierde kwartaal van 1974.

Die geringe toename in die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste kwartaal van 1975 was in 'n groot mate aan verbeterde toestande in die groot- en kleinhandelsektore toe te skryf. Hierdie verbetering in handelstoestande is ook bevestig deur die seisoensaangesuiwerde syfers van die waarde van klein- en groothandelsverkope teen konstante pryse, wat met 3,5 persent en 0,9 persent, onderskeidelik, in die eerste kwartaal van 1975 in vergelyking met die vierde kwartaal van 1974 toegeneem het. In die geval van die belangrike fabriekswesesektor het die volume van produksie egter vir die tweede opeenvolgende kwartaal gedaal, nl. met 1,1 persent gedurende die vierde kwartaal van 1974 en met 1,7 persent gedurende die eerste kwartaal van 1975. Verskeie nywerhede soos dié wat metale, metaalprodukte, masjinerie en voedsel produseer, het egter 'n betreklik hoë vlak van produksie gehandhaaf. Die volume van die goudproduksie het voortgegaan om te daal, maar 'n verlangsaming in die koers van afname was gedurende die eerste kwartaal van 1975 merkbaar.

Nie-goudmynbouproduksie het verder toegeneem, ofskoon teen 'n stadiger koers nl. 10,5 persent gedurende 1974 teenoor 15,4 persent in die vorige jaar. Die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor het voortgegaan om te daal, terwyl dié van alle sektore uitgesonderd mynbou, fabriekswese en konstruksie min verandering getoon het.

Nadat die bruto bedryfsurplus teen heersende pryse gedurende die tweede helfte van 1974 gedaal het, het dit gedurende die eerste kwartaal van 1975 feitlik geen verandering getoon nie. Toenames in die surplusse van die groot- en kleinhandel, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die nie-goudmynbou is bykans geneutraliseer deur afnames in die surplusse van goudmynbou- en fabriekswese-ondernemings. Die vergoeding

Persentasieverandering in bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse




van werknemers, aan die ander kant, het vir die derde opeenvolgende kwartaal vinniger as die bruto bedryfsurplus toegeneem.

Lae koers van toename in reële private verbruiksbesteding

Die verbeterde toestande deur die kleinhandel ondervind, waarna hierbo verwys is, was hoofsaaklik tot semi-duursame en nie-duursame goedere beperk. Reële private verbruiksbesteding aan hierdie goedere het gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n vinniger koers van toename as gedurende die laaste kwartaal van 1974 getoon. Die reële besteding aan duursame goedere het egter vir die derde agtereenvolgende

Verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



kwartaal gedaal. Die afname gedurende die eerste kwartaal van 1975 kon bykans geheel en al aan laer besteding aan meubels en huishoudelike toestelle toegeskryf word, alhoewel die reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting (hoofsaaklik aan nuwe motors) ook gedaal het. Die afname in die volume van meubelverkope kan in verband gebring word met die lae vlak van woningboukonstruksie en kon in 'n sekere mate ook die gevolg wees van die voorbereiding van die publiek vir die aankoop van televisiestelle later in die jaar. Die traagheid van nuwe motorverkope was gedeeltelik toe te skryf aan die onsekerheid aangaande die olievoorrade, hoër pryse van motors en 'n algemene toename in motoronderhoudskoste. Dit is interessant om daarop te let dat die verkope van ligte handelsvoertuie, wat dikwels deur private individue vir motors gesubstitueer word, gedurende die eerste kwartaal van 1975 sterk gestyg het. Hierdie neiging is gedeeltelik aan die laer pryse en laer brandstofverbruik van hierdie voertuie toe te skryf.

Reële private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere, wat gedurende die loop van 1974 'n onreëlmatige patroon getoon het, het gedurende

die eerste kwartaal van 1975 skerp gestyg. Die reële besteding aan nie-duursame goedere het ook vinniger toegeneem as gedurende die vorige kwartaal, terwyl die koers van toename van die reële besteding aan dienste bykans geen verandering getoon het nie.


Skerp toename in reële owerheidsverbruiksbesteding

Ná 'n aansienlike styging gedurende die tweede helfte van 1974, het die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n verdere groot toename getoon. Hierdie toename was uitsluitlik die gevolg van verhoogde uitgawes deur die sentrale regering, in die besonder aan verdediging. Die verbruiksbesteding van die provinsiale administrasies en plaaslike owerhede het min verandering getoon.

Afplatting van die reële bruto binnelandse vaste investering

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het gedurende die eerste kwartaal van 1975 gedaal nadat dit gedurende die tweede helfte van 1974 sterk

Vaste investering teen konstante 1970-pryse



toegeneem het. Hierdie laer vlak van die reële vaste kapitaalbesteding het voortgespruit uit afnames in die kapitaalbesteding deur die private sektor en openbare owerhede. Die reële kapitaalbesteding deur openbare korporasies het min verandering getoon.

Reële private vaste investering wat gedurende die vierde kwartaal van 1974 geneig het om op 'n hoë vlak af te plat, het gedurende die eerste kwartaal van 1975 aansienlik gedaal, hoofsaaklik as gevolg van laer reële besteding deur die sektore landbou en private fabriekswese, en aan woongeboue. In werklikheid het slegs die sektor private vervoer 'n toename in reële vaste investering getoon, wat hoofsaaklik verteenwoordig is deur besteding aan handelsvoertuie. Die laer vlak van die vaste investering deur die private fabriekswese was toe te skryf aan faktore soos die hoë vlak van die onbenutte kapasiteit wat gedurende hierdie tydperk deur die vervaardigingsnywerheid ondervind is en die voltooiing van sekere kapitaalprojekte wat laat in 1973 of vroeg in 1974 'n aanvang geneem het. Die benutting van produksiekapasiteit het in die eerste kwartaal van 1974 'n hoogtepunt van 90,2 persent bereik, maar daarna voortdurend gedaal tot 'n vlak van 87,5 persent in die eerste kwartaal van 1975. Die reële vaste kapitaalbesteding aan private woongeboue het vir die derde agtereenvolgende kwartaal gedaal en het in 'n groot mate die stygende boukoste sowel as die algemene skaarsheid van fondse vir die finansiering van bouprojekte weerspieël.

Alhoewel die reële kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese op die vlak gehandhaaf is wat gedurende die tweede helfte van 1974 bereik is, het die reële kapitaalbesteding aan ander infrastrukturele ontwikkelings gedaal.


Kleiner toevoeging tot voorrade

Die boekwaarde van totale voorrade het gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n verdere styging getoon, hoofsaaklik as gevolg van verdere toevoegings tot handelsvoorrade. Desnieteenstaande het die verhouding van nie-landbouvoorrade tot die bruto binnelandse produk (uitgesonderd die waarde toegevoeg deur die landbou) op dieselfde vlak gebly as wat in die vierde kwartaal van 1974 bereik is, naamlik 34,2 persent. Hierdie neiging is ook weerspieël in die verhouding van voorrade tot verkope in die sektore fabriekswese en handel, wat geen verandering getoon het nie.

Bruto binnelandse besparing

Die totale bruto binnelandse besparing, sowel as sy komponente, het min of meer onveranderd gebly op die vlakke wat in die vierde kwartaal van 1974 bereik is en was weer eens onvoldoende om die totale vaste

Totale voorrade uitgesonderd landbouvoorrade




en voorraadinvestering te finansier. Gevolglik moes buitelandse fondse aangewend word om hierdie tekort te finansier.

Algemene ekonomiese aanwysers

Verskeie maandelikse ekonomiese aanwysers toon dat die afwaartse fase van die konjunkturgolf, wat gedurende die derde kwartaal van 1974 begin het, gedurende die eerste kwartaal van 1975 voortgeduur het. Aanwysers soos die volume van goedere-invoere, die volume van fabrieksproduksie, ure gewerk in fabriekswese en konstruksie, kleinhandels- en groot-handelsverkope teen konstante pryse, en die aantal nuwe maatskappye geregistreer, het almal vanaf

Fisiese volume van produksie



werkloosheid, 'n laer koers van toename in werkverskaffing, en 'n daling in die koers van toename in oortyd- en gewone ure gewerk.

Alhoewel die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs vanaf 7 150 in Augustus 1974 tot 9 841 in April 1975 toegeneem het, is laasgenoemde syfer nog steeds laag en verteenwoordig dit slegs 0,5 persent van die vergelykbare arbeidsmag. Die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die volkshuishouding het gedurende 1974 met 2,8 persent gestyg, vergeleke met 3,9 persent in 1973. Indiensneming het in ooreen-

Arbeid



ongeveer die middel van 1974 tot die eerste kwartaal van 1975 afgeplat of gedaal. Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding is gevolglik nou vir meer as nege maande in 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf.

Arbeidstoestande

Soos wat gedurende 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf verwag kan word, het die arbeidstoestand verruim en dit word weerspieël deur 'n toename in

stemming met die stygende peil van sakebedrywigheid tot die derde kwartaal van 1974 toegeneem, maar daarna afgeplat. Die aantal werknemers in die goudmynbou het regdeur 1974 gedaal, terwyl werkverskaffing in die fabriekswese, konstruksie, nie-goudmynbou, en die klein-, groot- en motorhandel gedurende die tweede helfte van 1974 of in die eerste kwartaal van 1975 òf afgeplat òf gedaal het. In die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Poskantoor het die werkverskaffing in die tweede helfte van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 skerp gestyg.

Die verruiming van die arbeidstoestand is ook weerspieël deur die afplatting van oortyd-ure as 'n persentasie van gewone ure gewerk in die fabriekswese en konstruksie in die tweede helfte van 1974, soos die bygaande tabel aantoon.

Jaarlikse persentasiekoers van verandering in die verhouding van oortyd- tot gewone ure gewerk

	1973	1974	
		1ste helfte	2de helfte
Fabriekswese	9,3	3,4	1,7
Konstruksie	6,1	9,4	3,5

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die gemiddelde salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die volkshuishouding, teen sowel heersende as konstante pryse, gedurende 1974 teen 'n hoër koers as gedurende 1973 toegeneem. Dit is ook betekenisvol dat die gemiddelde lone en salarisse van Nie-Blanke werkers teen aansienlik hoër koerse as dié vir Blanke werkers gestyg het.

Salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore
Persentasiekoers van verandering

	1971	1972	1973	1974
Blankes:				
Teen heersende pryse	10,5	6,2	10,7	14,0
Teen konstante pryse	4,5	-0,3	1,2	2,1
Nie-Blankes:				
Teen heersende pryse	11,6	10,3	16,7	22,9
Teen konstante pryse	5,6	3,5	6,6	10,1
Alle rasse:				
Teen heersende pryse	10,5	7,1	11,0	16,5
Teen konstante pryse	4,5	0,6	1,3	4,3


Pryse

Alhoewel die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks vanaf April 1974 tot April 1975 met 14,6 persent gestyg het, is 'n matige verlangsaming in die koers van toename vanaf die einde van die derde kwartaal van 1974 merkbaar, soos die bygaande grafiek aantoon. Nadat dit in die derde kwartaal van

1974 'n hoogtepunt van 18,2 persent bereik het, het die toename in die seisoensaangesuiwerde indeks, teen 'n jaarkoers geneem, in sowel die vierde kwartaal van 1974 as die eerste kwartaal van 1975 tot 13,8 persent afgeneem. Voedselpryse het vanaf 'n jaarlikse koers van toename van 35 persent in die derde kwartaal van 1974 afgeneem tot 17,3 persent in die vierde kwartaal en tot 14,9 persent in die eerste kwartaal van 1975. Vanaf September 1974 tot April 1975 het die totale indeks teen 'n jaarkoers van 12,9 persent gestyg.

Die verlansaming in die koers van toename in die verbruikerspryse gedurende die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 het hoofsaaklik uit laer koerse van toename in die pryse van klerasie, skoeisel, meublement en sekere voedsel-items, soos vleis, nie-alkoholiese drank, suiker en verwante produkte, voortgespruit. Die pryse van motors het gedurende die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 aanmerklik toegeneem. Boonop het die pryse van mediese dienste, ontspanning, en sekere ander dienste aanmerklik tot die toename van die indeks gedurende die eerste kwartaal van 1975 bygedra, en gedurende April 1975 het hoër postariewe en verhoogde doeane- en aksynsregte op

Pryse



petrol, tabakprodukte en alkoholiese en sekere nie-alkoholiese drank, veroorsaak dat die toename in die verbruikersprysindeks weer eens versnel het.

In die geval van groothandelspryse is 'n verlang-saming in die koers van toename ook vanaf die derde kwartaal van 1974 waargeneem, soos die bygaande grafiek toon. Die toename in die seisoensaange-suiwerde indeks, teen 'n jaar koers geneem, het in die derde kwartaal van 1974 met 'n rekord van 26,3 persent gestyg en daarna tot 14,4 persent in die vierde kwartaal van 1974 afgeneem voordat dit weer tot 18,7 persent in die eerste kwartaal van 1975 gestyg het. Hierdie verlang-saming is grotendeels veroorsaak deur 'n aansienlike daling in die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar koers van 44,2 persent in die derde kwartaal van 1974 tot 23,8 persent in die vierde kwartaal en tot 19,1 persent in die eerste kwar-taal van 1975. Vanaf April 1974 tot April 1975 het die totale indeks met 18,4 persent gestyg.

Betalingsbalans


Klein totale oorskot

Die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel, soos gemeet deur veranderings in die goud- en ander buite-landse reserves, het gedurende die eerste kwartaal van 1975 R8 miljoen bedra, vergeleke met R34 mil-joen gedurende die vierde kwartaal van verlede jaar. Die klein totale oorskot op die betalingsbalans was weer eens die gevolg van 'n aansienlike netto invloei-ing van kapitaal wat 'n voortgesette tekort op die lopende rekening geneutraliseer het. Net soos ge-durende die vierde kwartaal van verlede jaar, het die invloeiing van kapitaal gedurende die eerste kwartaal van 1975 hoofsaaklik fondse wat deur die private sektor in die buiteland verkry is, verteenwoordig, terwyl daar 'n klein uitvloeiing van kapitaal deur die sentrale regering en banksektor aangeteken is. Gedurende April en Mei het die sentrale regering en banksektor egter meer in die buiteland geleen en sal dit heel-waarskynlik 'n invloeiing van kapitaal toon, terwyl vervroegings en vertragings gedurende dieselfde tydperk moontlik 'n uitvloeiing van kapitaal vanaf die private sektor veroorsaak het.


Verdere tekort op die lopende rekening

'n Verdere tekort van R319 miljoen is gedurende die eerste kwartaal van die jaar op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Gerekende teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar koers het die tekort op die lopende rekening vanaf R1 486 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1974 tot R950 miljoen gedurende die vierde kwartaal gedaal en daarna weer tot R1 154 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1975 toegeneem. Die verswakking op die lopende rekening was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n skerp afname in die netto goudproduksie wat veroorsaak is deur 'n daling in


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



goudproduksie tesame met slegs 'n klein verdere styging in die gemiddelde goudprys op die private mark. Goedere-invoere en netto onsigbare betalings, sowel as goedere-uitvoere, het aansienlike stygings getoon.

Goedere-uitvoere het gestyg vanaf 'n seisoensaan-gesuiwerde jaarkoers van R3 261 miljoen in die vierde kwartaal van 1974 tot R3 815 miljoen in die eerste kwartaal van 1975. Laasgenoemde styging was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in die volume van uitvoere, aangesien die pryse op die internasio-nale kommoditeitsmarkte aangehou het om skerp te daal, in die besonder die pryse van suiker, mielies en platina. Die uitvoer van voorbereide voedsel, drank en tabak het opmerklike stygings getoon, terwyl die uit-voer van landbouprodukte skerp afgeneem het. Verder het die uitvoer van mineraalprodukte en basiese metale, wat gedurende die afgelope twee jaar feitlik ononderbroke gestyg het, gedurende die eerste kwar-taal van 1975 effens afgeplat. Ondanks die styging in uitvoere gedurende die eerste kwartaal van 1975, was daar vanaf Januarie tot April 1975 'n dalende neiging in die maandelikse handelsyfers te bespeur, waarskynlik as gevolg van swak ekonomiese toestande wat in die buiteland geheers het.

Die waarde van goedere-invoere het vanaf die tweede helfte van 1974 teen 'n stadiger koers begin toeneem en het verder verlangsaam tot 'n seisoensaan-gesuiwerde jaarlikse koers van toename van effens meer as drie persent gedurende die eerste kwartaal van 1975, vergeleke met 'n toename van 62 persent vir 1974. Die laer koers van toename in die waarde van invoere stem ooreen met die verlangsamings van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en vraag. Bowendien het die volume van invoere in werklikheid gedurende die nege maande tot Maart 1975 gedaal. Die styging in goedere-invoere gedurende die eerste kwartaal van 1975 was hoofsaaklik die gevolg van die invoer van chemiese- en mineraalprodukte, basiese metale insluitende staal, masjinerie en elektriese toe-rusting en vervoertoerusting, terwyl die invoer van plastiese produkte en tekstiele skerp gedaal het.

Nadat die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld gedurende die tweede helfte van 1974 matig gedaal het, het dit gedurende die eerste kwar-taal van 1975 skerp toegeneem. Hierdie toename in die eerste kwartaal kan aan 'n skerp styging in rentebe-talings op buitelandse lenings en in betalings aan internasionale skeepsvrag en goedereversekering toegeskryf word, terwyl ontvangste vir dienste gelewer en netto buitelandse oordragontvangste nagenoeg op dieselfde peil gebly het.

Die netto goudproduksie het in die eerste kwartaal van 1975 met ongeveer 9 persent gedaal, nadat dit gedurende die afgelope drie jaar aansienlik toegeneem het. Hierdie afname het voorgekom ten spyte van 'n toename van twee persent in die gemiddelde goud-prys op die Londense mark, en was hoofsaaklik die gevolg van 'n verdere afname in die volume van die

goudproduksie. Die toename van 2 persent in die gemiddelde goudprys was opmerklik laer as die styg-ing van 17 persent gedurende die vierde kwartaal van 1974.

Aansienlike netto invloeiing van kapitaal

Soos reeds aangedui, is die tekort op die lopende rekening deur 'n netto invloeiing van kapitaal ge-durende die eerste kwartaal, wat nie minder nie as R327 miljoen beloop het, geneutraliseer. Hierdie invloeiing het die totale netto invloeiing van buite-landse kapitaal na Suid-Afrika gedurende die nege maande tot Maart 1975 op R961 miljoen te staan ge-bring.


Netto invloeiing van kapitaal

R miljoene

	1974		1975
	3e kw.	4e kw.	1e kw.
Private sektor	167	389	333
Langtermynlenings van openbare korporasies	136	111	137
Ander langtermynkapitaal	86	46	37
Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies	-55	232	159
Sentrale regering en banksektor	73	5	-6
Langtermynlenings van sentrale regering	62	52	33
Ander	11	-47	-39
Totale netto invloeiing	240	394	327

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die private sektor weer eens 'n netto kapitaalinvloeiing ondervind. Die aangaan van langtermyn buitelandse lenings deur die sentrale regering is egter deur 'n uitvloeiing van ander kapitaal vanaf die sentrale regering en banksektor geneutraliseer. Gedurende die eerste kwartaal van 1975 het openbare korporasies voortge-gaan om aansienlike bedrae in die buiteland te leen ten einde hulle groot ontwikkelingsprojekte te finansier. 'n Matige invloeiing van ander langtermyn-kapitaal na die private sektor is ook aangeteken. Die hoë vlak van rentekoerse in Suid-Afrika in vergelyking met rentekoerse wat gedurende die eerste drie maande van 1975 op buitelandse markte gekwoteer is, tesame met veranderings in die toepassing van sekere valutabeheerregulasies, het ook tot 'n invloei-ing van korttermynkapitaal bygedra.

'n Internasionale vergelyking van skatkiswisselkoerse



Klein daling in die goud- en ander buitelandse reserwes
Alhoewel betalingsbalanstransaksies gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n klein toename in die goud- en ander buitelandse reserwes veroorsaak het, het die goud- en ander buitelandse reserwes in werklikheid met R5 miljoen tot 'n vlak van R904 miljoen aan die einde van Maart gedaal, indien waardasie-aansuiwering in aanmerking geneem word. Hierdie daling het veral in die valutabesit van die banksektor voorgekom, terwyl die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende die eerste drie maande van die jaar met R22 miljoen toegeneem het. Die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het egter in April met R37 miljoen tot 'n vlak van R714 miljoen aan die einde van die maand gedaal en vervolgens weer met R30 miljoen tot R744 miljoen op 31 Mei toegeneem.

Monetêre en banktoestand

Veranderings in geld en kwasi-geld

Die hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende die eerste kwartaal van 1975 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 15 persent toegeneem nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1974 teen 'n koers van 44 persent gestyg het¹. Indien kwasi-geld uitgesluit word, het die eng gedefinieerde geldhoeveelheid gedurende die eerste kwartaal van 1975 slegs marginaal (nl. teen 'n jaarkoers van net meer as 2 persent) gestyg.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Soos die bygaande tabel toon, was 'n verdere vin-nige uitbreiding van die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, nog steeds die belangrikste enkele faktor by die verklaring van die toename in geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1975. Bankkrediet aan die private sektor het ook tot die styging bygedra, maar die ander oorsake was verantwoordelik vir die vermindering van die koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld vanaf die laaste kwartaal van 1974 tot die eerste kwartaal van 1975. So het die netto goud- en ander buitelandse reserwes ietwat gedaal, terwyl daar 'n opmerklike styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor voorgekom het.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1e kwartaal 1975

R miljoene


	Seisoens- invloed nie uitgeskakel nie	Seisoens- invloed uitgeskakel
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	11	-25
Eise teen die regeringsektor:		
Bruto eise	237	...
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-211	...
Netto eise	26	312
Eise teen die private sektor	314	269
Langtermyn private deposito's toename -, afname +)	-50	-100
Netto ander bates	-205	...
Totale oorsake van veranderings .	96	258

Laer koers van toename in bankkrediet aan die private sektor


Nadat dit gedurende die eerste helfte van 1974 teen 'n jaarkoers van 29 persent toegeneem het, het die

¹ Die uitwerking van die hersiening van die definisie van die banksektor soos vanaf Januarie 1975 is by die berekening van alle veranderings in hierdie afdeling uitgesluit.

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



bankkrediet aan die private sektor, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, teen beduidend laer koerse van 15 persent gedurende die vierde kwartaal van 1974 en 16 persent gedurende die eerste kwartaal van 1975 toegeneem. Die vermindering van die koers waarteen nuwe bankkrediet toegestaan is, kan toegeskryf word aan die verminderde vraag na bankkrediet, wat die verandering in die sake-toestand vanaf die derde kwartaal van 1974 weerspieël het, sowel as aan pogings van die banke om weer 'n meer gerieflike likwiditeitsposisie te bereik en te handhaaf.

Die diskontering en voorskotte van die handelsbanke het gedurende Januarie min verandering getoon maar gedurende sowel Februarie as Maart sterk gestyg. Voorlopige gegewens vir April ten opsigte van die vyf grootste banke en hul filiale dui egter slegs 'n geringe verandering of selfs 'n daling aan in die diskontering en voorskotte van hierdie banke gedurende daardie maand. Dit is opmerklik dat die huurkoopkrediet en verhuuringsfinansiering wat deur die monetêre huurkoop- en algemene banke verleen is, gedurende die eerste kwartaal van 1975 met nagenoeg R100 miljoen gestyg het.

Banklikwiditeit


Die oorskot-likwiditeitsverhouding van die monetêre banke het gedaal vanaf 4,1 persent aan die einde van Desember 1974 tot 2,1 persent aan die einde van Januarie en 1,1 persent aan die einde van Februarie maar vervolgens effens tot 1,5 persent gedurende Maart en aansienlik tot 3,1 persent gedurende April gestyg. Die verswakking gedurende Januarie en Februarie is grotendeels deur die seisoenale vloei van fondse na die regeringsektor veroorsaak. Hierdie vloei is ná die middel van Maart en gedurende April omgekeer.

Geldmark en korttermynrentekoerse

Ná die groot vloei van fondse na die regering oor die Februariemaandeinde, het die toestand op die geldmark gedurende die grootste deel van Maart stram gebly maar vervolgens gedurende April en die eerste drie weke van Mei aansienlik verruim. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp styging, nl. van ongeveer R780 miljoen, in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie teen die regeringsektor tussen 7 Maart en 16 Mei 1975.

Akkommodasie van die Reserwebank aan die banke en diskontohuise het gedurende die eerste drie weke van Maart op 'n hoë peil gebly maar vervolgens ná die einde van daardie maand tot onbeduidende bedrae gedaal. Daggeldlenings aan die diskontohuise, wat vanaf R623 miljoen op 27 Februarie tot R434 miljoen op 3 Maart gedaal het, het skerp gestyg tot R630 miljoen op 20 Mei. Gedurende Mei het die diskontohuise, gedeeltelik vanweë die beperking wat deur die kapitaalvereiste van die Bankwet op hulle geplaas word, daggeldlenings van die hand gewys.

Geldmarkrentekoerse



Geldmarkrentekoerse, wat gedurende Maart in ooreenstemming met die destyds bestaande strammer toestand op die geldmark tydelik gestyg het, het daarna gedurende April en Mei hul daling hervat. Die diskontokoers op bankaksepte van drie maande, wat vanaf 9,90 persent op 7 Maart tot 11,25 persent op 21 Maart gestyg het, het byvoorbeeld tot 8,25 persent op 30 Mei gedaal. Die koers op VDS'e van drie maande het gestyg vanaf 9,75 persent op 7 Maart tot 11,50 persent op 21 Maart en vervolgens tot ongeveer 8,50 persent op 23 Mei gedaal. Op soortgelyke wyse het die skatkisswissel-tenderkoers toegeeneem vanaf 5,90 persent op 28 Februarie tot 5,95 persent op 27 Maart voordat dit weer tot 5,62 persent op 30 Mei gedaal het.

Die rentekoerse op deposito's by bankinstellings het geneig om op die maksimum peile wat deur die rentekoersbeheerregulasies voorgeskryf word te bly, alhoewel die koers op daggelddeposito's nou neig om op $7\frac{1}{2}$ en soms op 7 persent gekwoteer te word. In die geval van die diskontohuise is die koers op daggelddeposito's vanaf die begin van Mei 1975 op 5,60 persent gekwoteer totdat dit aan die einde van die maand tot 5,50 persent verlaag is. Die koerse op groot deposito's en deposito's tussen banke stem nou blykbaar ooreen met dié op gewone deposito's onder die depositokoersbeheer.

Staatsfinansies

Skatkisontvangste en -uitreikings

Gedurende die fiskale jaar wat op 31 Maart 1975 geëindig het, was die inkomste ontvang op die Inkomste-, Lenings- en Suidwes-Afrika-rekening R780 miljoen, of 19 persent hoër as gedurende die voorafgaande fiskale jaar. Die groter inkomste-ontvangste word verklaar deur toenames van R606 miljoen (27 persent) in inkomstebelastinginvorderings, R118 miljoen (17 persent) in doeane- en aksynsregontvangste, en R84 miljoen (33 persent) in Leningsrekeningontvangste. Van die totale inkomste het goudmynmaatskappye R757 miljoen, of 15 persent, in die vorm van inkomstebelasting en mynhuurkontrakbetalings bygedra, in vergelyking met 'n bydrae van 11 persent in 1973/74.

Die skatkisuitreikings het gedurende die jaar onder bespreking redelik nou met die begrotingsramings ooreengestem en met R1 108 miljoen, of 24 persent, in vergelyking met die voorafgaande fiskale jaar toegeneem. Uitreikings op die Inkomste- en Suidwes-Afrika-rekening was marginaal hoër as wat voorsien is, terwyl dié op Leningsrekening effens laer was.

Tekort op die Skatkisrekening

Die tekort op die Skatkisrekening, uitgesonderd leningsbedrywigheide, vir die 1974/75-fiskale jaar het R804 miljoen bedra, wat bykans dubbeld soveel was as die tekort in die vorige jaar en ongeveer R170 miljoen meer as die begrotingsramings. Gedurende die eerste helfte van die tydperk onder bespreking is die hoë peil van toename in die inkomste wat gedurende die voorafgaande fiskale jaar ondervind is, voortgesit, terwyl die koers van toename in uitreikings slegs matig hoër was. Gevolglik is 'n werklike surplus van R67 miljoen aangeteken. As gevolg van 'n afname in die invloeiing van inkomste en 'n sterk toename in uitreikings, is 'n aansienlike tekort van R871 miljoen gedurende die tweede helfte van die fiskale jaar onder bespreking egter aangeteken.

Ter finansiering van die tekort is 'n netto bedrag van R92 miljoen in die buiteland geleen, in vergelyking met 'n netto aflossing van buitelandse skuld ten bedrae van R84 miljoen in die vorige fiskale jaar, en het die Tesourie sy netto skuldposisie teenoor die Staatskuldkommissaris (insluitende beleggings deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese) en die private nie-banksektor met R259 miljoen en R128 miljoen onderskeidelik, vergroot. Boonop het sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R325 miljoen gestyg, waarvan R207 miljoen 'n netto toevoeging tot die banksektor se besit aan staatskuldbewyse en R117 miljoen 'n afname in regeringsdeposito's verteenwoordig het. Hierdie deposito's het gedurende die tydperk April tot Augustus 1974 met R104 miljoen toegeneem en daarna gedurende die res van die fiskale jaar met R221 miljoen gedaal.

Die 1975/76-Begroting

By sy beoordeling van die ekonomiese toestand, toe hy die sentrale regering se Begroting vir 1975/76 op 26 Maart 1975 aan die Parlement voorgelê het, het die Minister van Finansies daarop gewys dat Suid-Afrika hom in 'n fase van stadiger groei bevind wat gepaard gaan met 'n inflasiekoers wat onbevredigend is. Wat korttermyn fiskale beleid betref, en met inagneming van die basiese oorsake van inflasie en die ekspansionistiese monetêre beleid, was die Minister van mening dat die omstandighede 'n matige stimulering van die volkshuishouding vereis. Hy het egter beklemtoon dat die ekspansionistiese invloed matig moet wees ten einde 'n nuwe toestand van vraaginflasie en onewewigtigheid op die betalingsbalans te verhoed.

In die Begroting is voorkeur gegee aan verdedigingsuitgawes en die voorsiening van ekonomiese infrastruktuur, en die totale uitgawes op die Inkomste- en Leningsrekening is geraam om in 1974/75 met 18½ persent tot 'n syfer van R6 562 miljoen te styg. Hierdie toename is heelwat kleiner as dié van 24 persent wat in die voorafgaande jaar aangeteken is. Met inagneming van die aflossing van skuld en geraamde buitelandse en binnelandse lenings, was die inkomste teen die heersende koerse van belasting aansienlik minder as die uitgawes. Hoewel 'n matig stimulerende Begroting noodsaaklik geag is, het die Minister dit duidelik gestel dat die tekort nie uit potensieel inflasionistiese bronne gefinansier moes word nie. Verskeie indirekte belastinge, soos dié op petrol, bier, wyn, spiritualië, tabak en koeldranke, is gevolglik verhoog terwyl die leningsheffing op maatskappye ook verhoog is. Sekere belastingtoegewings is egter ook aangekondig, onder andere ten opsigte van inkomstebelasting, boedelbelasting, en die belasting op onuitgekeerde winste.

Die totale lopende inkomste vir 1975/76 is op R5 437 miljoen geraam, of ongeveer 12 persent meer as in 1974/75, en was R1 125 miljoen laer as die uitgawes op die Inkomste- en Leningsrekening. Tesame met skuldaflossings ten bedrae van R827 miljoen, is die totale leningsbehoefte vir die jaar op R1 952 miljoen geraam. Die Minister het voorgestel dat hierdie bedrag uit buitelandse lenings van R309 miljoen en binnelandse lenings van R1 389 miljoen gefinansier word. By laasgenoemde sou R400 miljoen vanaf die Staatskuldkommissaris, R655 miljoen wat verkry sal word uit die omsetting van effekte wat gedurende die jaar hul aflossingsdatum bereik en R102 miljoen in die vorm van verpligte leningsheffings, ingesluit wees. Beskikbare kontant-saldo's sou gebruik word tot 'n bedrag van R254 miljoen, waarvan R29 miljoen 'n oordrag vanaf die Stabilisasierekening sou verteenwoordig.

Kapitaalmark

Mark vir vaste-rentedraende effekte

Die toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste kwartaal van 1975 redelik ruim gebly nadat 'n ruimer neiging teen die einde van 1974 ontwikkel het. Teen 'n opbrengskoers wat in Desember 1974 vanaf 9,75 tot 9,50 persentverlaag is, is 'n geslaagde nuwe uitgifte van langtermynstaats-effekte gedurende Januarie 1975 gedoen. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-semiprima-effekte het vanaf ongeveer 11,0 persent in die vierde kwartaal van 1974 tot 10,75 persent in die eerste kwartaal van 1975 afgeneem, terwyl die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-maatskappyskuldbriewe op soortgelyke wyse gedurende dieselfde tydperk vanaf 13,25 tot 13,00 persent gedaal het. In die sekondêre mark vir maatskappyskuldbriewe het 'n nog groter daling in die opbrengskoers, wat sedert Oktober 1974 afwaarts beweeg het, voorgekom.


Alhoewel die opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte gedurende April en die eerste helfte van Mei onveranderd gebly het, wil dit voorkom asof die mark gedurende hierdie tydperk ietwat vernou het. Die uitgiftes van staatseffekte op 15 Mei was, in terme van die netto bedrag wat deur instansies buite die banksektor opgeneem is, nie so geslaagd as die uitgiftes gedurende Januarie 1975 nie. Hierdie neigings is in die sekondêre mark vir maatskappyskuldbriewe bevestig toe die opbrengskoerse in hierdie mark gedurende April begin styg het en 'n opwaartse aanpassing in die opbrengskoerse in die sekondêre mark vir semiprima-effekte gedurende Mei aangebring is.

Die verruiming van die mark gedurende die eerste kwartaal van 1975 is ook weerspieël in die bedrag aan nuwe fondse wat verkry is deur die openbare sektor en maatskappye in die private sektor wat op die beurs genoteer word. 'n Totaal van ongeveer R351 miljoen is deur hierdie leners by wyse van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte gedurende die eerste kwartaal van 1975 geïen, vergeleke met R238 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1974. Hierbenewens het openbare korporasies gedurende die eerste kwartaal van 1975 'n netto bedrag van R137 miljoen in die buiteland geleen, wat ongeveer dieselfde was as hulle buitelandse lenings gedurende die vierde kwartaal van 1974.

Aandelemark

In ooreenstemming met die algemene verruiming van die kapitaalmark, het die aandelemark gedurende die eerste kwartaal van 1975 merkbaar verbeter. Met uitsondering van goudmyn- en finansiële mynaandele, het die pryse van alle klasse aandele gedurende die eerste kwartaal opwaarts beweeg. Die pryse van steenkool- en ander nie-goudmynaandele het met 29 persent en 9 persent, onderskeidelik, gestyg, dié van

Opbrengskoerse



die verskillende klasse finansiële aandele, uitgesonderd finansiële mynaandele, met tussen 7 en 18 persent, en dié van nywerheids- en handelsaandele met 10 persent. Aan die ander kant het goudmyn- en finansiële mynaandeelpryse met onderskeidelik 16 persent en 5 persent gedaal. Die vernouing van die kapitaalmark gedurende April is ook in die aandele-mark gevoel en die pryse van alle klasse aandele, met die uitsondering van steenkoolmynaandele, het gedurende April gedaal.

Die gemiddelde opbrengskoers op alle klasse aandele het vanaf 8,5 persent in Desember 1974 tot 8,2 persent in Maart 1975 gedaal voordat dit tot 8,6 persent in April gestyg het. In ooreenstemming met hierdie veranderinge in die dividendopbrengskoers, het die omgekeerde rendementsgapings tussen gewone aandele en langtermynstaatseffekte vanaf 1,0 persent in Desember 1974 tot 1,3 persent in Maart toegeneem en daarna tot 0,9 persent in April vernou.

Ten spyte van die ondervolskrywing van 'n aantal regte-uitgiftes van gewone aandele, is 'n bedrag van R46 miljoen gedurende die eerste kwartaal opgeneem deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is. Die bedrag was bykans dieselfde as die jaartotaal van R56 miljoen vir 1974.

Vloei van fondse na depositonemende en verwante instellings

Die vloei van langertermynfondse na bouverenigings, bankinstellings, deelnemingsverbandskemas, en die Poskantoor se spaarskemas, het gedurende die eerste kwartaal van 1975 toegeneem en ongeveer R328 miljoen bedra, vergeleke met R272 miljoen in die laaste kwartaal van 1974 en 'n kwartaallikse gemiddelde van R296 miljoen vir 1974. Die invloeiing van fondse na bouverenigings gedurende die eerste kwartaal was aanmerklik hoër as gedurende die voorafgaande drie kwartale, selfs wanneer die seisoenale invloeiing gedurende Maart in aanmerking gemeen word. In die geval van bankinstellings was die invloeiing van langertermynfondse gedurende die eerste kwartaal ietwat minder as die gemiddelde kwartaallikse vlak van 1974. Die toevloei van fondse


Netto invloeiing van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings

R miljoene

	1974		1975
	4e kw.	Kwartaallikse gemiddeld	1e kw.
Bouverenigings	96	136	188
Bankinstellings	133	128	105
Deelnemingsverbandskemas	8	22	3
Poskantoor spaarskemas	35	10	32
Totale invloeiing	272	296	328

na die spaarskemas van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese is gedurende die eerste kwartaal op die betreklik hoë vlak wat gedurende die vierde kwartaal van verlede jaar bereik is, gehandhaaf. Deelnemingsverbandskemas kon egter nie verbeter op die besonder lae invloeiing van fondse wat gedurende die laaste kwartaal van 1974 aangeteken is nie.

Bouverenigings



Verband- en vaste eiendomsmarkte

Die toename in die vloei van fondse na bouverenigings en bankinstellings is weerspieël in 'n toename in die verbandlenings uitstaande van hierdie instellings wat, tesame met dié van die deelnemingsverbandskemas, gedurende die eerste kwartaal van 1975 met ongeveer R171 miljoen toegeneem het, vergeleke met R167 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1974.

Nuwe verbandlenings toegestaan deur die bouverenigings het in die eerste kwartaal van 1975 R244 miljoen bedra en hierdie bedrag was aanmerklik hoër as die kwartaallikse gemiddelde van R199 miljoen vir die tweede helfte van 1974. Die hoër peil van verbandvoorskotte deur die bouverenigings gedurende die eerste kwartaal het gelei tot 'n toename van R50 miljoen in hul verpligtings ten opsigte van lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, nadat dié verpligtings gedurende 1974 deurgaans verminder het. Ten einde die toename in hierdie verpligtings te dek, het die verenigings hul besit aan likwiede bates en ander goedgekeurde beleggings met R50 miljoen verhoog.

Die gemiddelde rentekoers op alle klasse eersteverbandlenings, wat gedurende 1974 voortdurend gestyg het tot 'n peil van 10,23 persent in Desember 1974 en Januarie 1975, het in Februarie effens gedaal tot 10,18 persent.

Die dalende peil van die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark, wat in die tweede helfte van 1974 merkbaar geword het, het tot in die eerste kwartaal van 1975 voortgeduur. Die waarde van vaste eiendomstransaksies gedurende die eerste twee maande van 1975 was gemiddeld 13 persent laer as in die vierde kwartaal van verlede jaar en 18 persent laer as in 1974 as geheel.

Opmerkings oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op hersienings van sommige syfers wat in hierdie *Kwartaalblad* verskyn. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, met die uitsondering van dié in tabel S-58, is hersien om veranderde seisoenspatrone en hersienings van die basiese gegewens in ag te neem. In ooreenstemming met internasionale gebruik, is die basisjaar van alle reekse verander van 1963 na 1970. Boonop is die gewigte van die komponente van die fisiese volume van fabrieks- en mynbouproduksie vir die 1963/64-basisjaar, soos deur die Departement van Statistiek gepubliseer, na 1970 aangepas op basis van die relatiewe veranderings in die fisiese volume van produksie.

Die kwartaallikse ramings van die bruto binnelandse produk en besteding (nou tabel S-70) word nou betroubaar genoeg geag om tot die naaste miljoen rand af te rond. Bykomend hiertoe word twee nuwe tabelle wat kwartaalsyfers bevat ingesluit, naamlik tabel S-74 wat kwartaallikse ramings van die hoofkomponente van private verbruiksbesteding gee, en tabelle S-77 en S-78 wat kwartaallikse ramings van bruto binnelandse vaste investering bevat.

Die Reserwebank beplan om in die nabye toekoms kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge vanaf 1960 tot 1974 te publiseer.